# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 23 Oktober 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Een van die grootste geskenke wat God ons in Christus gegee het, is ‘n nuwe identiteit. Hierdie kosbare geskenk maak dat ons bevry kan word van ‘n menigte valstrikke waarmee Satan ons in ons lewe vang! Die feit dat ons so maklik ons identiteit deur eksterne faktore laat vorm of die belewing van ons identiteit van ander mense afhanklik maak.

‘n Paar voorbeelde:

1) Dat ek my eie waarde as mens laat bepaal deur die goedkeuring wat ek van ander ontvang. Ek beleef myself (my identiteit as mens) slegs as “iets werd” wanneer ek goedkeuring van ander ontvang. Dan eers ag ek myself as goed of waardevol. En sodra ek beleef dat ek geen “goeie terugvoer” van ander ontvang nie, dan sien ek myself as ‘n mislukking.
2) Het jy al gehoor dat iemand wat deur moeilike tye gaan jou altyd so sal antwoord as jy vra hoe dit met hom of haar gaan: “onder omstandighede gaan dit met my goed”. Dit is duidelik dat daardie persoon sy of haar identiteit laat bepaal deur die eksterne omstandighede wat hy/sy beleef. “Die omstandighede” word die belewenis van die eie identiteit.
3) Sommige mense laat hulle eie waarde of identiteit bepaal deur status of geleerheid. Hulle sal jou gedurig herinner aan “WIE” hulle is: dokter, doktor, dominee, proffessor, raadslid, voorsitter van sus of so! Vir hulle is hulle identiteit geleë in daardie “prestasie” wat hulle sou behaal het.

Bogenoemde en vele ander is voorbeelde van hoe Satan ons gevange hou deur ‘n valse identiteit wat ons ten diepste teleurgesteld en leeg laat en so aan God en sy liefde laat twyfel. Kom ons kyk daarom vanmore na ons nuwe identiteit in Christus en hoe ‘n kosbare geskenk dit is! Meer nog: Kom ons lewe ons nuwe identiteit in Christus elke dag uit!

**Tema: Jou ware identiteit is geleë in Jesus Christus, ons Here! Leef Hom uit!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps. 18 - 1: 1, 15 (tweede mel); Ps. 34 - 1: 1, 2 (tweede mel),

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Sb. 1 - 6: 1, 3; Votum; Seën; Loflied Sb. 2 – 4 : 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: 12 Artikels (almal hardop saam)

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Eksodus 20; Sing Ps. 25 - 2: 2, 3; Gebed;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Galasiërs 2: 15 – 21;
Teksverse : Galasiers 2: 19 - 20
Belydenis: Heidelbergse Kategismus vrae 37, 40, 43 en 45; Sing Sb. 14 - 4: 1, 2, 3, 4 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Sb. 5 – 4 : 1, 3, 5, 6 ; Seën; Amenlied: Sb. 13-1.

**18:00 AANDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Een van die kenmerke van die nuwe identiteit wat ons van God ontvang het, is opregte dankbaarheid. Groeiende dankbaarheid! Sigbare dankbaarheid! Hierdie nuwe identiteit in Christus moet immers in die alledaagse gang van ons lewe gesien kan word.

Hierdie dankbare lewe staan in skrille kontras met wat ons by die mense in die wêreld waarneem. Die wêreld is vol selfsug, eie waan en eie geregtigheid! Mense gryp en vergryp hulle aan alles waarop hulle hulle hande kan lê sonder 'n sweempie van dankbaarheid of erkenning aan die Gewer van alle goeie gawes!

Daarom laat val ons vanaand uit HK Sondag 32 die klem op die groeiende en sigbare dankbaarheidslewe van gelowiges!

**Tema: Leef jou nuwe lewe met groeiende dankbaarheid!**

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 525: 1, 3; Votum; Seën; Loflied Ps. 116 - 1: 1, 7, 10;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: 1 Petrus 1: 22 – 2: 5
Belydenis: HK Sondag 32; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Ps. 147 - 2: 1, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en vir Bybelverspreiding (klein boks).

**MEELEWING**

- Huib van Hamburg se heupvervangingoperasie het goed afgeloop. Hy is ontslaan en sterk tuis aan.
- Dawie van Zyl het Woensdag 'n operasie aan sy voet ondergaan en ervaar baie pyn. Hy is ontslaan en moet vir twee weke tuis sy voet versorg voordat hy weer mag loop.
- Melanie Crause se rugoperasie het goed afgeloop en sy sterk nog aan in die hospitaal.
- Ds Piet herstel stadig maar seker na sy "Job se siekte" (gordelroos). Die inwendige pyn is baie beter, dis net die uitwendige rowe en sere wat nog lastig is.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis en Annetjie Vermeulen.

**BAIE GELUK**

- Louis en Heleen Geldenhuys het 'n kleinseun ryker geword. Baie geluk en baie vreugde toegebid.
- Maré Bester, van Martin en Lorette, is ook verkies as leier vir LS Bailliepark.

**BAIE WELKOM AAN**

Banie en Mara Boneschans wat met attestaat van GK Potchefstroom by ons aansluit. Hulle woon in Fynbos m/h 23. Banie is Lallie van Zyl se broer.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie, sap en kuier
Kleuterbediening
Katkisasie Les 19
16:00 Kooroefening
18:00 Aanddiens

**Maandag**
17:00 Bedieningsdiensgroep vergader
18:00 Kersmarkkomitee vergader
Geen Kassierediensgroep vergadering

**Dinsdag**
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
18:00 Klassis Potchefstroom vergader
18:30 Sustersafsluiting
Geen Katkisasie - afsluiting op Woensdag

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
17:30 Weekskatkisasie afsluiting vir Gr 9 - 11

**Donderdag**
17:00 "Griefshare"
19:00 Bybelstudie: Klipdrif (Afsluiting)

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en vir Bybelverspreiding (klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 34 en 35.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 24 Oktober**
Br Hans Andersen
Sr Elsa Coetzee *
Br Chris Velloen

**Dinsdag, 25 Oktober**
Jbr Andreas Alberts
Br Schalk v Deventer

**Donderdag, 27 Oktober**
Br Louis Geldenhuys
Jbr Niel Joubert
Br Pieter Lourens *
Sr Marthie Schutte
Jbr JP van den Berg

**Vrydag, 28 Oktober**
Sr Carine Basson
Br Pieter de Villiers *
Br Tjaart Earle

**Saterdag, 29 Oktober**
Br Eugene du Plessis
Sr Myra du Plooy
Sr Hantie Grobler *
Sr Karin Kruger

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## "ONTSNAP UIT DIE 'RAT RACE'"

Dr Pieter Joubert bied vir ons hulp aan oor hierdie geweldig belangrike saak wat besig is om baie mense se lewens in te sluk! Jy sal regtig baie baat vind om saam met Pieter op hierdie ontdekkingsreis te gaan.

***JAAG JY NA SUKSES? Reputasie, prestasie, besittings***
***OF***
***STREWE JY NA BETEKENISVOLHEID? Diens en liefde***

Kry vir jouself in die voorportaal van die vorms wat jy kan invul om deel te neem aan hierdie selfsorgprojek. Vul dit in en hou dit by jou. Niemand anders gaan jou vorm onder oë kry nie!
Op **Sondagaand 13 November** kom almal wat aan die projek deelgeneem het, bymekaar in die Skuur en dan sal Pieter die betekenis van die uitkomste van jou persoonlike vraelys verduidelik en riglyne gee oor hoe mens jou lewe kan verander om 'n meer betekenisvolle uitkoms te bereik.

## DANKBAARHEIDSFEES: BAIE DANKIE

Baie dankie aan die Diakonie vir die genotvolle en dankbare feesmaaltyd. Ons het heerlik saam gekuier. Baie dankie aan almal wat bydraes gemaak het sodat ons die ete kon bekostig. Baie dankie aan al die gewillige hande wat gehelp het met die voorbereidings. Ons dank die Here vir al ons seëninge so onverdiend!

## OOSDOPPERKAMP – vir gesinne met kleiner kinders

Ouers lees Bybelverhale, leer hul kinders bid en doen saam katkisasie. Veral met klein kindertjies is Bybelstudies en kleingroepbyeenkomste meer chaos as leersaam. Ouers se geloofsgroei gaan staan soms stil.

Ons beplan ‘n kamp vir ouers en kinders en wil hierdie geleentheid gebruik om mekaar te bemoedig, suksesse te deel en ons geloofsgroei weer aan te wakker.

**Prof Albert Coetzee van die TSP gaan bietjie saam kom gesels en leiding uit die Skrif gee oor hierdie belangrike onderwerp. Hy en Lulu het self 4 jong seuns en hy kan uit ervaring praat.**

Datum: 28-30 Oktober
Plek: Rietspruitdam Ontspanningsoord
Koste: R200 per gesin vir die naweek
Daar is nog slegs 5 staanplekke beskikbaar.

Vir besprekings en navrae kontak Marlise (083 655 8145) of Anton (078 114 1757)

## AMANDELBLOEISELS /SENIORLIDMAAT-AFSLUITING

Die Susters nooi graag die Amandelbloeisels en al ons seniorlidmate na ‘n afsluiting op Woensdag, 2 November om 10:00, in die tuin van Frikkie en Anna Smith, Plot 428, Vyfhoek (N12).

RSVP voor of op Woensdag, 26 Oktober by die kerkkantoor of skryf jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur. Vervoer kan gereël word indien u nie vervoer het nie.

## KERSBEDERF

Ons gemeente se Susters gee jaarliks vir ongeveer 25 gesinne in ons gemeente 'n "Bederf-emmer" / "Bederf-boks" voor Kersfees om 'n lekker Kersete mee voor te berei.

Ons wil graag 'n beroep op Kleingroepe en indiwiduele huisgesinne doen om saam te span en items vir so 'n boks/emmer te skenk om sodoende die las bietjie ligter te maak. Ons het nog lidmate nodig vir 8 emmers. Een so 'n boks/emmer benodig ons die volgende nie-bederfbare items:

- Pasta
- Mayonaise
- Ingemaakte slaaie
- Jellie en Vla
- Aanmaak-koeldrank
- Koekies of ander lekkernye
- Kitspoeding / kitskoek

Ander items wat 'n Kersfees-ete vir 'n gesin spesiaal sal maak is ook natuurlik welkom - hierdie is maar net 'n riglyn.

Baie dankie dat ons u kan vra om dit met groepbediening / huisbesoeke aan julle groep voor te lê. Laat weet gerus vir die kerkkantoor (Adele 082 532 8658) indien julle Kleingroep/huisgesin hieraan sal deelneem.

## KERSMARK 2022
## OOR 4 WEKE SKOP ONS KERSMARK AF!

Liewe gemeente
Om ‘n sukses van hierdie groot projek te maak het ons u gebede en u hulp baie nodig! Daar is hulplyste in die voorportaal – sit asb jou naam op.
Hulp word benodig:

- Opsit en afhaal van plakkate
- Kombuis/Restaurant
- Kassiere
- Toesighouers

Skenkings / leen-items word benodig:

- Waaiers
- Tuintafels
- Borge

Kontak gerus vir Rieëtte of Adele indien jy enige navrae het of iewers wil betrokke raak.

## KERKLIKE TYDSKRIFTE

Die tydskrifte is in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat daarop ingeteken is.

## GKSA-NUUS

Beroep ontvang
• Proponent AP (Peet) van der Westhuizen na GK Wolmaransstad

Beroepe bedank
• Ds N (Nikolaas) Pienaar van GK Oos Londen na GK Wolmaransstad

## 2023 ALMANAK BESTELLINGS

Hierdie veeldoelige kerklike publikasie bied jou verrykende Bybelse Dagstukkies vir die hele jaar wat deur Gereformeerde predikante geskryf is. Aan die ander kant bied dit vir jou al die inligting oor elke predikant en gemeente in die GKSA. Dit bevat ook lekker Bybelse blokraaisels om te voltooi.




Skryf gerus u naam op die lys in die voorportaal van die Skuur om 2023 se Almanak te bestel. Dit kos maar slegs R116.00 per eksemplaar.

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

---

### KONTAKBESONDERHEDE

<u>Ds. Piet</u>: 018 290 5635 / 082 779 1237
<u>Hulpdiens</u>: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
<u>Kerkkantoor</u>: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
<u>Koster</u>: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

### BANKBESONDERHEDE

<u>Geref. Kerk Potchefstroom-Oos</u>
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

<u>Diakonie</u>
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

<u>Susters</u>
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

---



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:


Christelle Vorster en groep 2, Ria Robberts en groep 10, Chanelle v As en groep 18, asook Lana Laufs en groep 28.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**



## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## SUSTERSAFSLUITING





## KWARTAALPROGRAM

| VIERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| **25 Okt** | **Dinsdag** | **18:30** | **Blok D** | **Potch-Oos Sustersafsluiting** |
| **2 Nov** | **Woensdag** | **10:00** | Bestuur /groepsusters | **Seniorlidmate: Afsluiting** |
| 3 Nov | Donderdag | 18:30 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 13 Nov | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| **20 Nov** | **Sondag** | **18:00** | **Bestuur en groepsusters** | **Kerssangdiens** |
| 24 Nov - 3 Des | Don - Sat | 07:00 tot 20:00 | Almal | Mooirivier Kersmark |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!





# Vind vrede by die Here!

**Soms voel mens se lewe net so deurmekaar soos hierdie teksvers lyk! Gebruik die gids om die teksvers neer te skryf en dink na oor wat dit vir jou lewe beteken.**

VOLTOOI DIE TEKSVERS DEUR DIE LETTER NEER TE SKRYF WAT BY DIE PRENTJIE PAS.
LEES JOHANNES 14:27 OM TE SIEN OF JY AL DIE LETTERS REGGEKRY HET.




"Vr_d_ l___ Ek v__ j_ll_ n_;

_y vr_d_ g___ Ek v__ j_ll_.

D__ v___d_ w__ Ek v_r j_ll_ g___,

_s n___d___ soo___ w___ di_ wê___ld g___ n_e.

J_lle _oe_ n_e on_s_eld w___s n_e,

_n j_ll_ _oe_ ni_ b_ng w___s n_e."

**Al voel alles vir jou deurmekaar en al is jy bekommerd, kan jy altyd op die vrede van die Here vertrou. Jesus het gekom om vir ons sondes te sterf, en ons kan nou vrede in ons harte hê.**